




Peter Veldsman:
Gastro-
nomiese
voetjie-voetjie
Bl. 5



Die Fliek:
Saam deur
donker en lig
Bl. 7



**'Classics' kry
vleuels op
Coetzenburg
Bl. 12**



Jaargang 3 Uitgawe 1
ink

R7,50

Maandag

6 Maart

2017

Liezl de Kock as Duif in
Sing jy van bomme.
Nog foto's en die resen-
sie is op bl. 16 – 18.
FOTO: NARDUS
ENGELBRECHT

Ink is die silwer kategoriewenner in Basa se Nasionale Kunsjoernalistiek van die Jaar-toekennings vir 2016.

Trotse borg en lid van die

WORD FEELS - FAMILiE

MEDIA24

Ons verryk lewens 24/7

" SY VANG DIE WOORDE
IN HAAR NET
SLYP HAAR WOORDE
TEEN DIE ROTS
SY BAK HAAR WOORDE
IN DIE VUUR
EN DIE NOORDEWIND KOM
EN HAAR WOORDE WAAI VER
HAAR WOORDE WORD SAAD
DIE SAAD WORD 'N STER "

- AMANDA STRYDOM,
BOORD VAN WOORDE

Elke woord is 'n meesterstuk.

Kom luister na die stroopsoet klanke en
bitter mooi lirieke van onder andere
Francois van Coke, Zolani Mahola,
Theuns Jordaan, Elvis Blue en Laurika Rauch.
Die 2017 Sanlam Musiekfees, 3-12 Maart.
www.sanlam.co.za/sponsorships



Sanlam
Welvaartmeesters

Universiteit Stellenbosch
Woordfees

in trotse samewerking met

EWEBEELD

Johan en Katharine Meeding by een van Katharine se portrette tydens die opening van die visuele kunsprogram. Katherine het Johan gebruik as haar muse vir haar debuut-uitstalling *A Room of one's own*. Dit is deel van die groeputstalling wat te sien is in die Hofmeyr-saal tot 11 Maart. FOTO: MARCELLE VAN ZYL



Mietie en kie se ‘Stories’ soek sy lê

Koöperasiestories. Toneel. Hoërskool Stellenbosch. Môre om 16:00, 8 Maart om 10:00 en 12:30, 10 Maart om 10:00.

Die gegewe is alles daar. Die bekende stories en ’n skrywer wat ’n legende in sy eie tyd geword het. Die nostalgie. Gerekende akteurs en ’n sterk produksiespan. Hoekom is dit dan dat *Koöperasiestories* nog nie is wat dit moet wees nie?

Dit is een van die verkoop-sukseste by die fees en kaartjies is skaars. Moenie ’n fout maak nie: daar is dele van die stuk wat baie goed werk. Veral wanneer dit komies is, het die gehoor geskater. Dis egter met die ernstiger tonele waar dinge platgeval het, asof die lag met ’n traan van PG du Plessis se werk verlore gegaan het.

Waar lê die probleem? Is dit die teks wat nog nie vloei nie? Die regie wat dalk die drade stywer kan trek? Dalk omdat hierdie die eerste vertoning voor ’n gehoor was? Die produksie soos dit nou is, voel effe (soos die Ingelsman sal sê) disjointed. Daar is nie genoeg tussen tonele om die storielyn deur te dra nie, want hoewel die produksie uit ’n groep sketse bestaan, is daar steeds ’n storie wat deurloop.

Die span spelers – Marion Holm, Chris van Niekerk, Carel Nel, Margit Meyer-Rödenbeck en De Klerk Oelofse – speel elkeen meer as een rol en meeste is geslaag.

Holm is beslis die gom wat die produksie bymekaar hou. Die tonele waar sy as Mietie met die gehoor praat, is die sterk ketting wat deur die stuk loop. Dit is deur haar wat die gehoor die ander karakters se wel en weë leer ken.

Koöperasiestories het alles wat nodig is vir ’n suksesverhaal. Hopelik sal dit met tyd en nog vertonings sy lêplek kry. – **Ilza Roggeband**

Trotse teaterfamilie

’n Geworry. Toneel. Hoërskool Lückhoff. Vandag om 15:00, 8 Maart om 20:30, 9 Maart om 18:00.

Immortal. Toneel. Hoërskool Lückhoff.

Daar gaan min geworry word en die opwinding gaan inderdaad onsterflik wees as drie van die land se geliefde akteurs – pa, ma en dogter – vir die heel eerste keer saam by dieselfde fees optree. Die Dunster-gesin is nie sommer ’n hierjy-trio nie, ons praat van teater-royalty wat geskiedenis gaan maak.

Wilson Dunster, sy vrou, Elize Cawood, en hul dogter, Jenna, maak hul verskynning in twee verskillende produksies, asook op dieselfde verhoog by die Hoërskool Lückhoff. Pa en ma vertolk die rolle van David en Coba in Saartjie Botha se bittersoet drama *’n Geworry*, en Jenna verskyn in die meesleurende eenvroustuk *Immortal* deur Peter Terry.

“Dit is die eerste keer dat ons drie saam op ’n fees is, met Jenna as aktrise,” sê Elize Cawood.

“Ons kinders (daar’s ook Luke)



Jenna Dunster onlangs in *Immortal* tydens die Fringe-fees in Kaapstad. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

het saam met ons feeeste toe gegaan vandat hulle so agt, nege jaar oud was. Hulle’t saam met ons plakgate opgesit en dit vreeslik geniet. Nou werk Jenna en ons tesame, as akteurs. Ons is so trots!

“Voorheen het ek en Wilson Jenna se ouers gespeel in *Bloedbroers* en ek en sy was ook ma en dogter in *Isidingo*, en in *Pandjieswinkelstories*. Daarby speel ons in dieselfde venue in Stellenbosch. Kan jy nou meer?”

Hierdie skrywer het *’n Geworry*

reeds gesien en kan dit aanbeveel. ’n Egpaar wat al vir baie jare getroud is, moet met hul eie agteruitgang as gevolg van die ouderdom probeer vrede maak. (Toevallig is Wilson en Elize ook amper vier dekades lank getroud.)

Die dialoog is tipies van twee mense wat mekaar al vir baie lank liefhet, maar pynlik bewus word ’n leeftyd saam is broos en dit gaan eindig.

Boonop, nes hulle dink die kinders het vlerke gekry, uit die

huis gevlieg, en hulle oplaas op daardie lang oorsese reis kan gaan, is daar ’n nuwe geworry: jy kan die lewe nooit ten volle beheer nie, veral nie jou spruite nie.

Dié stuk gaan jou met deernis vul, maar hy gaan jou ook ruk.

Jenna is in die eenpersoonstuk *Immortal*, wat reeds op verskeie plekke uitstekende resensies ontvang het. Dit fokus op die ware gebeure van die Blaawkrantz-brugramp wat in 1911 gebeur het. Destyds is die brug as ’n toonbeeld van ingenieursvernuf beskou, maar dit het ineengestort onder ’n trein wat klippe van Bathurst na Grahamstad vir die St. Michael- en St. George-katedraal vervoer het.

Die grond onder die brug is as heilige grond deur die Xhosas beskou, ’n feit wat heeltemal deur die ingenieurs geïgnoreer is. Daar was ongeveer 50 mense aan boord, onder meer die sewejarige Hazel Smith, wat saam met haar familie gereis het. Daar was min oorlewendes en Jenna vertel die roerende storie van Hazel.

Twee teaterstukke, een oor ouers, die ander een oor ’n kind.

Wie’t nou weer genoem kuns boots die werklikheid na? Inderdaad. – **Herman Lategan**

Gaan na afrikaans.com. Die platform vir alles oor Afrikaans.



afrikaans.com

Profiel

Nie vir sensitiewe siele nie...

Skerp blik op die reënboog

Lerato Tshabalala is 'n sjarmante vuurvreterjoernalis wie se verkwiklik eerlike en snaakse blik op ons reënboognasie in *The Way I See It* verlede jaar 'n paar veldbrande in sosiale media veroorsaak het. Haar debuutboek slag heilige koeie vir brekfs en het binne ses weke uitverkoop. Dit kom sommer met 'n waarskuwing voorop: *Guaranteed to offend!* Dié voormalige *Sunday Times*-rubriekskrywer en *True Love*-redakteur is deesdae radio-aanbieder van The Best of Both Worlds op TouchCentral.fm en aan die stuur van die glanstydskrif *The Afropolitan*. Sy't voor die fees met **Susan Booyens** oor die foon gekuier en vertel hoekom sy uitsien na haar eerste Boektent-besoek.

Lerato Tshabalala:
The Way I See It.
Skrywersfees. ATKV-Boektent.
Vandag om 10:30.

Lerato Tshabalala: What It's Like to Be a Black Girl in Mzansi. Skrywersfees.
Bloekomhoek.
Vandag om 17:00.

‘S ex is a great motivator... tell us there's a chance of getting some good dick after a drought and we're more efficient than Julius Malema before the elections.’

This is not the line in Lerato's book that blew up Twitter after an extract was published last year. Neither was it "...the possibility of you being unfriend-zoned is as likely as Steve Hofmeyr and Mamphela Ramphele being joined in holy matrimony and adopting a cappuccino child from Grassy Park." Not a word from the Steve army. But after an excerpt entitled "Why I hire blue eyes before black guys" appeared in the *Sunday Times*, Lerato was trending for two days straight for writing she would rather hire white service providers because "the majority of our people are chancers and don't give a damn about customer service". This prompted heated responses from black Twitter, including "I will not be buying your anti-black book".

How does she look back at the controversy now, I want to know after she gets off the air from her radio show.

"A lot of the people who said 'I'm never gonna read your book' were never going to read the book anyway! I saw stats for black people in South Africa and reading and how many people have leisure books in their homes, as opposed to the books that you read for studying. And the numbers are ridiculous, like 14 percent of black people are said to be readers, and only a small amount of their books are actually leisure books.

"So, the people who criticized it most are probably never, ever going to read a book. Which is why I never concerned myself with trying to defend my words. I knew

that readers will look beyond that and get the book. And that's exactly what happened: We reprinted the book after six weeks, which was amazing and I never thought it would happen. I'm incredibly grateful for the people who decided to buy the book and read it.

"And my mom kept saying: 'I wish people would get to the end of the book and they would understand.'"

If you had to write it again, would you be as honest, brave and outspoken as you were?

"Probably not. And not because of what happened on Twitter, but just because of where I am in my life. When I wrote the book, I had just lost my mentor [Nomgcobo Sangweni] and my dad, and I'd quit my job and went to study and so I didn't have the financial comforts that I was used to. I mean, I've been working since I was 19 years old. I was in a completely different space, I was grieving. The book is uncomfortable for you to read, because it was uncomfortable for me to write.

"There's a lot of truth that I had to face about myself. So, I couldn't necessarily be critical about this nation without being critical of myself as a person. You know, in the humour, there's a lot of seriousness as well and I think life is like that.

"Also, I was single at the time, now I'm in love and I've been in a relationship for a year, I have a radio show, so my life is very different. I've had time to process my grieving, time to think of my path



Lerato Tshabalala FOTO: ANTONIA STEYN

as a woman, and South Africans as well, where we are. It wouldn't be the same – I'll probably still be honest, but sometimes I read the book and I go: What?! [laughs heartily] I am a crazy person, who the hell says those things?

"I've said this before, but if my father was alive I wouldn't have written this book, I mean the language, he used to say to me: 'Lerato, mind your language!'

And I would never have talked about waxing if my dad was alive, my nether regions and so on. But I would've been honest, I'm still honest. I often say that book transformed me, I'm not that brave. If you look at my Twitter page, I never get into twars, I'm a loner, people who know me from *True Love*, this wholesome, lovely black girl who wouldn't hurt anybody – I was transitioning when I wrote

that book, but I'm grateful for every tear."

How do you feel about your very first visit to Stellenbosch and the Woordfees?

"I want different people to read the book and I need to be where new audiences are, so I'm happy to do the Woordfees, I'm looking forward to it!

"If anything, possibly, it's going to be a learning curve for me as well as for the audience. I always think in situations like that you learn as other people learn. If there's any takeaway I'd like people to get from my appearances, it's that we're all the same more than we're different, which is sort of at the heart of my book.


"We speak different languages, we look different, some of our eyes are blue, some of our hair is kinky, but at the end of the day I want a nice man who is going to take me out on my birthday, I want to have a good relationship with my mother, I want to go and have cocktails with my sister. And I think that's what everybody wants, everybody wants to feel connected and part of this big universal thing, and that's what I hope you'll get when you read my book.

"I like the way my life is shaping up. My boyfriend is a rugby writer (Simnikiwe Xabanisa), and he is like me, he grew up poor, but he went to a very good school, he went to Dale College in the Eastern Cape. He's this tall, dreaded proper guy who writes about rugby and cricket and won numerous awards. He's not the person you'd think of when you think rugby! He's got a column in the *City Press*.

"I come from two of the hardest neighbourhoods in Soweto, like hard, hard neighbourhoods, and people never believe me when I say I'm from there. But once again, those are things that I experienced, that's not ME. Your environment is not you, your environment just helps you to get closer to who you're meant to be.

"It's not always easy living in South Africa, but I love it here, I fuckin' love it here. This is my home, and it's as much your home as it's mine."

Twitter & Instagram: @LeratoTJ



Beyond the binaries

...how many books have you read that speak to South Africans in the township as well as in the suburbs? Most books assume you're too cultured to relate to kasi life or too ghetto for a book with complicated language. I exist in both worlds, the 'hood and the 'burbs, and I know for certain I'm not the only one. Because we're so used to looking at the world in black and white in South Africa, we've forgotten that, in reality, we mostly exist in a grey area... the purpose of this book is to prove that, when you take away all the kak that divides us – class, money, language, 'hoods – we're all the same.

The Way I See It – The Musings of a Black Woman in the Rainbow Nation by Lerato Tshabalala is published by Penguin Random House.

Gastronomiese voetjie-voetjie

Peter Veldsman:
Wat die hart van vol is.
Leefstyl. Jordan-restaurant.
4 Maart om 19:00.

Peter Veldsman is soos ’n lang sous. Die soort sous wat mens se ma met bredie gemaak het, en dan was die lekkerste lekker om die orige sous met brood op “te mop”. Só het ons dit in ons huis gedoen, en so het mens Saterdagdaand weer daar op Jordan-restaurant se stoep gevoel toe die grande master van Suid-Afrikaanse kookkuns ’n paar van sy hartstories en wyskede gedeel het. Dit is immers ook die titel van sy nuutste boek, *Wat die hart van vol is*, en ’n gepaste groet van ’n sjef wat nou ’n welverdiende aftrede gaan geniet.

In gesprek met hom was ’n volgende generasie van voorlopers, Jan Hendrik van der Westhuizen, wat ’n restaurant gaan staanmaak het in Nice, en die Franse op eie bodem aangevat het – en hy het die Michelin-ster vir JAN om te wys wie het daai ronde gewen.

Die twee het so gastronomiese voetjie-voetjie gespeel, maar nes mens dink Veldsman kan nie geklop word op ondervinding nie, kom Van der Westhuizen hier van die kant af met jeugdige bravade.

“Ons het onder die sterre vir mekaar geloei,” vertel Veldsman met ’n ondeunde laggie.

“Nee, nee, nie daai soort loer nie! Ons is altwee boerekinders. Ons kom van plase af. En ek het mos ’n ding vir sterre.

“Nie filmsterre nie...”

En voor hy nog kan klaar praat, gooi Van der Westhuizen hom: “Dalk Michelin-sterre?”

Dié trant het die res van die aand voortgeduur, maar onderliggend was die erns van harde werk, drome nastreef, opstaan as jy val, aanhou en aanhou.

“Ek sê altyd – toe die lieue Here die wêreld klaar gemaak het en net die Wes-Transvaal was oor, het Hy niks anders oorgehad as om



Die koslegende Peter Veldsman (links) gesels met die bekroonde sjef Jan van der Westhuizen.
FOTO’S: NATALIE GABRIELS

Sy liefde daar te laat nie. Waar het jy nou al sulke helder sterre gesien? Daai oomblikke wat amper heilig is – dis daai oomblikke onder daai sterre,” vertel Veldsman.

En sy ontmoeting met Jan Hendrik?

“My ma was vir jare en jare voorsitter van die Vrouelandbou-unie op Middelburg,” vertel Van der Westhuizen. “Maar toe moes my ma inspring met die plaas se boeke, en die unie val so bietjie inmekaar. Toe vra ons Peter om met die vroue te kom praat. Wat hy vir daai vroue gedoen het... ek het steeds nie woorde om te beskryf hoeveel dit beteken het nie.”

Later sou Van der Westhuizen – in sy dae as wynsmous – ook drank aan Veldsman by sy restaurant Emily’s gaan verkoop.

Die 16 ure ’n dag en min geld het hom nooit teruggehou nie, sê Veldsman. Inteendeel.



Veldsman se raad: ‘Koop of kry die beste wat jy kan.’

“As ek kan raad gee – koop of kry die beste wat jy kan, maak opofferinge. Maar elke mens is dit aan homself verskuldig om die beste wat hy op daai oomblik kan bekostig, te kry.”

Daar is baie mense wat diepe indrukke op sy lewe gemaak het, onthou Veldsman. Maar Stellen-

bosch doen ook iets aan ’n mens, vra Van der Westhuizen hom.

“Ja, dit het dalk te doen met maanskyn en wit gewels,” spot Veldsman. “En,” onderbreek hy homself, “die een boek wat nog oor Stellenbosch geskryf moet word, is *Leer om te vry*. Dis seker die plek met die meeste eerste soene en eerste romantiese verbintenisse.”

Heel behendig bring Van der Westhuiszen die gesels weer terug na kos, en moenie die Spur vlak kyk nie, vertel hy (en verklap hy eet altyd ’n Spur-burger en milkshake voor hy terugvlieg Nice toe).

Veldsman kry vir ’n oomblik ’n verafkyk in die oë. ’n Onthou-kyk.

“Een oggend vroeg toe pluk ek ’n boerekomkommer daar op die plaas. Ek het dit soos ’n haas met my tande gerasper. Dis die dag toe ek smaak ontdek het. Dit was ’n ongelooflike oomblik.”

Saam met smaak het hy blyk-

baar ook sy ondeunde kant ontdek.

“Ek was goddelooslik stout, man. Onhebbelik! Vrydae gee my ouma vir ons ’n lepel kasterolie om die mae skoon te kry, en dan ’n lepel heuning om die slegte smaak weg te haal. Nou dink ek: As ons van die sleg goed moet kry, dan moet die hoenders mos ook.”

Toe loop krap hy in sy ma se badkamerkassie en kry iets soos ’n lakseermiddel.

“Nou het ek die botteltjie in die een hand, en die hoender in die ander hand. Weet jy hoe moeilik dit is om iets in ’n hoender se keel af te kry? Later knyp ek die hoender so tussen die bene vas, maar dit sukkel. Maar die goed is in.”

Die volgende dag sien sy ouma daar is nie ’n enkele eier gelê nie. Maar sy kyk die misbestrooide hoenderhok so, sit twee en twee bymekaar en kry vir Veldsman. Toe kry hy ’n pak slae “tot ek nie meer kon nie”.

Hy gaan kla by sy ma en vra huil-huil ewe hy kán nie verstaan hoekom hý pak kry omdat die hoenders nie eiers lê nie. Dit was nie ’n slim ding om te doen nie, want toe maak sy ma dieselfde som as ouma – en hy kry nog ’n pak slae. “En dis die les wat ’n mens leer: As jy dubbel geslaan word, is jy dubbeld versigtig.”

Van raad gepraat – Van der Westhuizen sê van die beste raad wat Veldsman nog met hom gedeel het, was om iemand te kry om jou belasting vir jou te doen.

Veldsman gooi nog ’n lang sous. “André Louis Simon was ’n kos- en wynkenner en het meer as ’n honderd boeke geskryf. Hy het gesê: ‘Not much, but enough, and the best only’. Dit was sy leuse, en dis wat ek nou vir jou leer: Moenie bang wees om foute te maak nie.”

“En moenie shortcuts vat in die kombuis nie,” beaam Van der Westhuizen. “As jy dit eers begin doen, is dit downhill van daar af.”

– Jo-Ann Floris
* Peter Veldsman gesels op 10 Maart om 15:30 oor sy boek.

ONTDEK
'n NUWE
Wêreld

saam met die ATKV

BY VANJAAR SE US WOORDFEES!

ATKV
BOEKE-
OASE

Ons omvangryke boekwinkel is terug met 'n fees van boeke vir oud en jonk. Ontmoet jou gunstelingskrywers en kuier saam rondom boeke in die hartjie van die US Woordfees.

Vanjaar by die US Woordfees!

Die ATKV se suksesvolle digkuns-animasieprojek word voortgesit met die bekendstelling van Filmverse 2 - 'n visuele bloemlesing van 12 gedigte. Daaglik van 09:00 tot 17:00 in die US Museum-lesinglokaal. Gratis. DVD beskikbaar by die ATKV-Boeke-oase.

KOM PRAAT SAAM EN WORD WYS:
11 MAART om 10:30, BIBSAAL, Gratis!
Jongmense kom vertel die vorige geslag waar hulle Afrikaans oor 20 jaar graag sal wil sien. Met Albie Sachs en Saartjie Botha as gespreksleiers.

VANDAG, 6 MAART SE PROGRAM IN DIE ATKV-BOEKTENT:

09:00	DEON MEYER: JAGVELD
10:30	LERATO TSHABALALA: THE WAY I SEE IT
12:00	MARITA VAN DER VYVER: MISVERSTAND
14:00	ALBERT BLAKE EN RICHARD STEYN: VAN VOLKSHELD TOT VERRAAIER
15:30	AMY JEPHTA: KRISTALVLAKTE
17:00	MALCOLM VENTER: SAY AGAIN? THE OTHER SIDE OF SOUTH AFRICAN ENGLISH

#ONTDEKAFRIKAANS

Kom maak 'n draai by ons stalletjie in Die Plataan by die ATKV-Boektent. Word 'n ATKV-lid en staan 'n kans om 'n luukse Slanghoek Villa-naweekwegbreek van ATKV-Goudini Spa* of 'n geskenkpak te wen!
* Bepalings en voorwaardes geld.

@ATKUSA

ATKUSA

www.atkv.org.za

ATKV

Toneel

Yskoue warmte laat Susa jil

Die Sneekoningin. Kinder-teater. Weltevrede Waenhuis. 7 Maart om 11:00, 8 Maart om 15:00, 11 Maart om 11:00.

Jy weet ’n kinderteaterstuk is goed wanneer die seuntjies langs jou hul fone en tablette neersit om te sien wat op die verhoog aangaan. Of as dit tjoepstil raak wanneer die nare heks haar verskyning maak en hulle gil van plesier as ’n trol op die held se rug spring.

Kinderteater is ’n interaktiewe medium. Hier is nie plek vir stywe lippe en nekke nie. Die kinders jil en skree en die ouers hoop maar net dis nie hul kind wat op die regte (of verkeerde) oomblik in die produksie kliphard kommentaar lewer nie. Ek moet sê die kinders se sêgoed het die produksie goed ondersteun.

Die teks en regie is deur Schalk van der Merwe behartig.

Die teks is slim, die woordspe- lings skerp en die taal fleurig en pronkend, vol snaakse nuutskep- pings wat die ouers eerder as die kinders snap. Ons sien dit as beloning vir hul teenwoordigheid.

Die jong akteurs is almal stu- dente van die US se dramadeparte- ment. Hul energie is heerlik vir dié tipe produksie.

Die Sneekoningin het ook darem nie die kinders te veel afgeskrik nie, want ná die tyd is sy deur dogtertjies in prinsesrokke oorval om foto’s saam met haar te neem.

Die Weltevrede Waenhuis is ’n klein intieme ruimte. Dit is voordelig omdat die kinders amper op die verhoog sit, maar aan die ander kant het die akteurs nie veel speelruimte nie.

Die klein verhogie is egter slim gebruik om die verskillende fanta- sieruimtes uit te beeld.

Soos alle goeie feëverhale, ongemaklike ruimte ten spyt, oorwin die goeie die slegte.

Dis nou nie *Frozen* nie, maar dis dalk tyd to “Let It Go”.

Kinderteater is propvol talent en ’n wonderlike manier om kinders op so ’n opwindende manier bloot te stel aan lewendige teater. – **Marchelle van Zyl**



Devonecia Swartz is yskoud as Die Sneekoningin en Elmarie Johnson is soet-stout Tokkie, die trol. FOTO’S: NATALIE GABRIELS

Wat sê die jongspan oor ‘Die Sneekoningin’?



Annabelle Spies (8) van Stellenbosch: “In die storie was daar ’n ouma, ’n seuntjie, ’n sneekoningin en so ’n weird ander ding. Dit was iets tussen scary en snaaks.”



Christiaan Kritzinger (9) van Stellenbosch: “Dit gaan oor ’n sneeu- koningin wat ses jaar se sneeu op die aarde laat val. Toe die musiek duh- duh maak, het ek geweet iets gaan uitspring.”



Lisa Fouché (5) van Stellenbosch: “Ek was nooit bang nie. Die Sneekoningin kom van Ysland en sy het amper so ’n rokkie soos ek aangehad, maar myne is pienk en hare wit.”



Ilke Krigel (4) van Stellenbosch: “Ek was nogal bang, want die Sneekoningin het te hard gepraat!”



Femke Swanepoel (5) van Stellenbosch: “Ek het baie gelag en die beste deel was toe die seuntjie gered is.”

Trek dié ‘Uniform’ aan en vat ’n kans

Uniform. Toneel. Hoërskool Lückhoff. 6 tot 10 Maart om 19:00 en 20:30.

Tienertoneel is lank nie meer ’n groep skoolkinders wat probeer konsert hou nie. Die afgelope jare het kompetisies soos ATKV- Tienertoneel vir produksies gesorg wat met reg by professionele produksies en groot naamspelers en regisseurs kon kers vashou. Ook die Nasionale Toneelkompetisie, wat onder leiding van Herman van der Westhuizen sedert 2002

by Hoërskool Bellville aangebied word, het gesorg vir ’n bydrae tot Suid-Afrika se speel-skat.

Die US Woordfees ont- wikkkel jaarliks ’n stuk met die wenner van die Nasionale Toneelkompetisie en vanjaar het regisseur Vicky Davis ’n groep van agt spelers, asook die akteur Johann Nel, bymekaar gekry vir *Uniform*, ’n plekspesifieke stuk.

Die stuk se sterk teks is deur Alma Nel geskryf en Davis neem die spelers en gehoor deur die gange, klaskamers en buite-areas

van ’n hoërskool.

Die groep kinders vier hul 40 days. Onder hulle is leerlinge van ’n privaatskool, ’n voormalige Model C-skool asook ’n sekondêre skool (lees mindergegoed). Hulle is kinders van die nuwe Suid-Afrika, maar dieselfde kwessies wat al dekades hoërskoolleerlinge kwel – soos verhoudings, seksualiteit en godsdiens – is steeds ter sprake.

Uniform se tweede toneel, ná ’n inleiding deur Nel, is ook een van die laaste tonele. Met ander woorde daar word gewys wat

gebeur het en neem dan die gehoor na wat dit voorafgegaan het.

Daar was heelwat tieners in die gehoor en hul gelag en ook verbasing het bygedra tot die ervaring.

Dit is dalk onregverdig om net sekere van die spelers uit te lig, want nie een het teruggestaan nie, maar die name van Cantona James (Simon) en veral Tomley van Vuuren (Patrick) moet genoem word. Vir jong akteurs het hulle reeds ’n sterk teenwoordigheid en intensiteit, beslis name om te

onthou en dop te hou. Ek sou later uitvind dat Van Vuuren verlede jaar aan die Pionierskool vir Gesiggestremdes gematrikuleer het en vanjaar met ’n beurs by Northlink Kollege drama studeer.

Kunsteeste is daar om groot produksies te gaan kyk, jou gunsteling akteurs te ondersteun en te beleef. Moenie die fout maak om nie kleiner, onbekende produksies ook ’n kans te gee nie. Sit *Uniform* ook op jou lys en neem jou kinders saam.

– **Ilza Roggeband**

‘Die Fliek’ weef ragfyn web

Die Fliek. Toneel. Hoërskool Cloeterville. Vandag om 15:00.

Hierdie is van die heel sterkste produksies wat dié resensent nog die afgelope 12 maande gesien het. Moenie afgesit word deur die lang tydsduur nie (dis twee ure lank), want binne die eerste kwartier is jy gevang in ’n web van ragfyn emosies wat jou nie gaan los nie. Die ligging is ’n ou bioskoop waar daar nog met van die laaste 35-mm projektors rolprente gekyk word. Dink aan een van die land se mooiste antieke kinemas, die Labia in Kaapstad, en jy kan jouself in die hart van die teks plaas.

Die intieme stel van die vervalle teater word ’n tafereel waarteen groot temas afspeel. Fliekfyn-proewers wat suiwer smaak in die kinematografie het, word soos bedwelmd motte na dié lig gelok.

Eenspaaiers en randeiers word nogal tot sulke ou donker plekke (projeksies van die onderbewussyn) gelok, asook emosionele ontheemdes. Dit laat hulle veilig voel.

Een so ’n persoon is Avery, ’n jongman wat deur Dean Balie vertolk word. Balie is so goed ’n mens voel later jy kyk na ’n karakter op die silwerdoek.

Die mure of lagie tussen ’n speelfilm en die werklikheid verskuif reg voor jou oë. Die Coen-broers se vars en ongewone interpretasies van buitestaanders kom by ’n mens op.

Avery is eintlik ’n student in die rolprentkunste by Afda, maar terwyl hy sy kop probeer uitsorteer werk hy as skoonmaker by hierdie kasarm. Die plek val uitmekaar, die eienaar stel nie meer belang nie, en die gehore wil moderner fliker-varings hê. Vir Avery is dit ’n droom wat waar geword het: Om in ’n plek te werk waar die korrekte projektor nog gebruik word. Hy dra sy jeans te hoog. Sy hare is in ’n gladde quaff gekam.

Sy versigtige manier van praat is ontblotend. Jy beleef sy innerlike rouheid. Sy kollega Sam en die filmopereur Rose word deur Carel Nel en Cintaine Schutte gespeel. Hulle is van internasionale gehalte.



Cintaine Schutte en Carel Nel as skoonmakers in Die Fliek. Die intieme stel lok en oortuig die gehoor. FOTO’S: NARDUS ENGELBRECHT



Dean Balie en Schutte lewer spel van internasionale gehalte.

Elke karakter is genuanseerd en al drie werk saam om jou binneste soos ’n nat handdoek te verwing sodat die eina van weltschmerz kan uitspoel. Nel speel ’n slungel

van ’n man (Sam) wat ’n hartseer verberg wat in elke trek van sy gesig na vore kom.

Hy kyk net voor hom uit en gee ’n droë laggie en jy ervaar ’n hele

reeks emosies. Net so. In een trek van die mond.

Schutte (Rose) is ’n rabbedoe wat graag jou heen trek, maar sy is ook soos die ander twee deur die

lewe verinnuweer. Vodde. Sy laat die patos van hierdie vrou gevaarlik realisties voel. Spieëls word voor jou opgehou.

Saam ontvou hul stories voor jou en neem hulle jou deur donker en lig, soos hulle hulself herontdek. Daar is een toneel naby die einde waar Balie (Avery) so ’n dramatiese monoloog voer jy voel jy wil opspring en hom ’n staande toejuiging gee.

Die vertaling van hierdie Pulitzer-prys toneelstuk, oorspronklik deur die Amerikaner Annie Baker, is so goed, dit klink en voel asof dit in Afrikaans geskryf is. Dankie tog, gereeld klink vertalings na valstande wat soos kastanjette klap.

Hier het die taal ’n ritme en klank wat by tye soos poësie klink. Nico Scheepers is die woordsmid én die regisseur. Saam kan hierdie formidabele span vorentoe staan en ’n lang buiging maak, want talent soos hierdie verdien ’n daverende ovasie.

– **Herman Lategan**

‘Cock & Bull’ vra ongemaklike, maar nodige vrae

‘n Cock & Bull-storie. Toneel. Hoërskool Cloeterville. Vandag om 20:30.

Verlede week het 7de Laan en Huisgenoot se Facebook-blaaie gewemel met kommentaar wat wissel van opwinding en trots tot walging en kots-emoticons. Al die bohaai was as gevolg van twee manlike karakters op dié sepie wat mekaar vir ’n sekond of twee oopmond gesoen het.

Die haat en venyn wat mense

bereid is om te tik van agter hul rekenaars of selfone bly verbasend, selfs in die tye van Trump: “’n Siek spul!” “Kinders kyk dit!” “God sal op die laaste dag oordeel!” is van die meer behoudende kommentaar.

En dis hoekom toneelstukke soos ’n *Cock & Bull-storie* steeds relevant is, en nog baie lank relevant gaan bly. Ek het aanvanklik hieroor gewonder toe dié produksie meer as ’n jaar gelede geopen het. (Dit het intussen al by verskeie

feeste en teaters in die land gespeel.) Want is ons nie al verby giftige manlikheid nie? Is ons nie “oor” heteronormatiewe mans wat nie weet hoe om met enige vorm van seksualiteit wat buite hul eng boksie val, om te gaan nie? Duidelik nie.

In ’n *Cock & Bull-storie*, oorspronklik geskryf deur Richard Crowe en Richard Zajdlie en verwerk deur Marthinus Basson, Quentin Krog en Geon Nel, is TJ ’n belowende amateur-bokser wat

homself voorberei op die dag van ’n laaste geveg voor hy die wêreld van professionele boks betree. Sy vriend Jaco is soos altyd daar om hom “op te psych”, maar dinge is dié dag anders. Jaco vra ongemaklike vrae. TJ het nie antwoorde nie. As sulks word hier nie net woorde gewissel nie.

Dean John Smith as TJ en Edwin van der Walt as Jaco is teen dié tyd so ingeef in hierdie rolle dat die toneelstuk seepglad vloei. Hulle het beter geraak soos die

produksie getoer het, en verstaan duidelik die karakters. Marthinus Basson se regie pas hierdie soort materiaal perfek. Hy doen dit beter as die beste daar buite.

’n *Cock & Bull-storie* is, by die Woordfees, op Stellenbosch, seker besig om vir die gemeente te preek. Of miskien nie? Maar vir nou maak dit nie saak waar hierdie soort stories vertel word en hoe dit manlikheid “unpack” nie, dis net belangrik dat dit nog gebeur.

– **Naudé van der Merwe**

Profiel

Ton, die koerantverkoper

Ton Vosloo: Woordwysheid met ’n mediamens. Skrywersfees. JS Gericke-ouditorium. 3 Maart om 12:00.

Vrydagmiddag diep in die maag van die JS Gericke-ouditorium het die legendariese mediaman en oudredakteur Ton Vosloo met prof. Lizette Rabe, hoof van die departement joernalistiek aan die Universiteit Stellenbosch, in gesprek getree. Op 29 September word hy 80.

Vooraf, geprojekter op ’n muur in die agtergrond, was daar onder meer verskeie foto’s van Ton die jong joernalis, later middeljarige redakteur, grootbaas, besigheidsman, boekwurm, reisiger, kultuurpaap, kosconnoisseur, en ook die stylvolle raconteur wat vir jou oor ’n goeie bottel wyn met ’n wye verskeidenheid van vinjetten kan vermaak.

Hy het immers al in die verloop van ’n lang, vrugtevolle loopbaan onder andere van die grootse politici, sportmense, skoonheidskoninginne en sakereuse ontmoet. Omdat hy die neus van ’n joernalis het, is jy verseker hy het al van die mees eksentrieke en interessantste mense en stories in vele hoeke van die wêreld gaan uitsnuffel.

Hy het ook die onderskeiding dat in ’n stadium aan hom gesê is hy is “nie geskikte Naspers-materiaal nie”. (Die ander persoon aan wie dit ook minagting meegedeel was, is Peter Veldsman, fynproewersjef en vandag wydvermaard.)

By sy onderhoud was hy sy galante, wellewende self, maar so

half op ’n skugter manier. As hy praat, is daar iets in sy oë wat sê: Ek weet iets wat jy nie weet nie. Dit kom natuurlikerwys ná jare in die joernalistiek, waar bronne en stories versigtig beskerm en geheimgehou moes word.

Ná prof. Rabe se imposante inleiding waarin sy loopbaan opgesom word, praat hy oor sy arm kinderjare op Uitenhage in die Oos-Kaap, waar sy weduweema (sy pa is vroeg dood) vir hom en sy twee sibbe alleen moes grootmaak. Sy broer is ook vroeg dood. Sy ma het hom aan die biblioteek voorgestel en hier het hy lank en diep gelees. Sy wêreld het verbreed.

Hy moes uitspring en het as knaap koerante begin verkoop (die ironie) en het op hoërskool reeds vir Engelse dagblaie begin vryskut skryf. Hy was ’n kranige rugbyspeler en het sommerkoudwedstryde waaraan hy self deelgeneem het verslag gelewer.

Op ’n dag was die afgrigter kwaad oor iets wat in die koerant verskyn het en dis hier waar Ton besef het hoe magtig die pen is en watter invloed dit op mense kan hê. Ook het dit hom laat nadink oor laster en media-etiek.

“Jy moet versigtig wees wat jy skryf, waaksaam,” sê hy.

Ná matriek (geld was skaars, daar was nie die finansies vir verder studeer nie), was hy kortstondig in die staatsdiens, maar *Die Oosterlig* het vir hom ’n werk aangebied. Hy het sy baas sommerkoud per telegram laat weet hy kom nie terug nie, sy regte lewe begin nou.

Hy moes per trein werk toe en huis toe ry, en het soms ver ná middernag by die huis aangekom.

Sy ma het altyd gesorg daar is iets lekker om te eet. Wat hy met liefde onthou, is haar souskluitjies wat hy sommerkoud so tweeuur in die oggend uit die yskas uit geëet het. (Snaaks dat seuns altyd iets van hul ma’s se kos ’n leeftyd met hulle saamdra.)

Al het hy soms laatnag tuisgekom, moes hy vroeg uit die vere (half vyf!) om betyds by die koerant in Port Elizabeth vir die oggendskof aan te kom.

“Dit voel soos gister,” sê hy.

“Jy moet versigtig wees wat jy skryf, waaksaam.”

Later is hy na *Die Landstem*, waar hy ook die All Black-toer gedeke het. Hy het oor misdade, sport en later ook politiek geskryf. Selfs die keuring van mense se slaapkamerstories wat ene dr. Welman moes beantwoord, was deel van sy beat. ’n Gierige outodidak dus, wat moes leer soos hy aangaan en ook uit foute, soms veel waardevoller as ’n string grade.

Hy het later by *Dagbreek* aangesluit, en sommerkoud met ministers saamgery terwyl hy onderhoude voer. “Watwou, ons het al daardie jare ‘embedded journalism’ gedoen, dis nie asof dit nuut is nie,” skerts hy. “Ek is R300 ’n maand betaal en kon nog daaruit ’n groot huis van R12 500 koop.”

Bakens in die geskiedenis, en die name van bekendes in die

joernalistiek en politiek, gans te veel om hier te noem, het gedurende die gesprek van sy lippe afgerol.

Daar was sy kardinale betrokkenheid by die stigting van *Die Beeld*, wat later met *Dagbreek* saamgesmelt het en toe in 1970 *Rapport* geword het. *Rapport* se eerste uitgawe het oor die 500 000 eksemplare verkoop, meer as die *Sunday Times* destyds.

Hy het ook verwys na die mededinging tussen Naspers en Perskor, waar laasgenoemde later gesink het te midde van bedrog met sirkulasiesyfers. Groot hope van hul koerante is sommerkoud in mynskagte afgegooi sodat dit kon lyk asof hulle goeie verkope het.

Sy jaar as Nieman Fellow by Harvard het hom afstand op die plaaslike politieke situasie gegee en hy glo dat hy later met sy nuwe insigte (saam met ander mense) vir Naspers in ’n meer verligte rigting kon druk. Volgens hom was Naspers instrumenteel in die land se wegbeweeg van apartheid.

“Ek dink regtig as Naspers gefaal het, sou hierdie land in ’n Armageddon gedompel gewees het,” se hy. Op dié stelling het sommige mense in die gehoor na hul asemes gesnak. Die woorde ontkenning en hubris is gefluister.

“Ons was eintlik ons tyd vooruit, omdat ons in swart publikasies soos *Drum* en *True Love* belê het, asook Engelse publikasies, soos *Fairlady* op die been gebring het. Later was daar natuurlik betaal-TV, die internet, en verdere tegnologiese uitbreidings waar Koos Bekker en sy sterk spanne ’n onwrikbare rol gespeel het.

“Vandag is Naspers een van

die grootse mediamatskappye ter wêreld. My raad is, moet nooit op jou louere rus nie, maar nooit nie. Wys my ’n redakteur wat voldaan is, en ek wys jou ’n swak koerant.”

Hoogtepunte sluit in die stigting van M-Net, laagtepunte die Waarheids-en-Versoeningskommissie, toe ’n groep werknemers ’n petisie begin het om die matskappy te dwing om te gaan getuig.

“Toe ek hulle vra of ek hulle aandele kon terugkoop, het nie een aangebied nie. ’n Mens bly lojaal aan Naspers.”

Sy lewensbeskouing is die rol van die media is om mense se denkgewoontes te verander. ’n Redakteur se rug moet breed wees, jy moet slaie kan vat en jou joernaliste beskerm. En ’n leier is alleen: Jy moet jou beleid uitwerk en gaan verkoop.

Dié voormalige koerantverkoper (op meer as een vlak) glo sterk in die toekomst van digitale asook gedrukte media by sy ou matskappy. Hy is dalk ’n idealis, want so pas het Media24 weer begin om heelparty mense af te lê.

Dit is onduidelik waar hierdie optimistiese gesindheid vandaan kom, dalk uit die verlede? Met die afskeid van iemand soos hy ’n paar jaar terug by Naspers was dit dalk ook die gedrukte media by daardie matskappy se naderende swanesang.

Die tragedie: ’n Gesoute koerantman wat ’n mediahuis help opbou tot ’n internasionale kolos, wat een oggend wakker word en geen koerant gaan hê om vas te hou nie. Inderdaad, ’n leier is alleen. C’est la vie. – Herman Lategan



Ton Vosloo word vanjaar 80. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

Oor Ton se naam:

Met sy lang naam (Theunissen) het sy eerste sportredakteur by die Oosterlig, Alex Kellermann, gesê dit is te lank vir ’n enkelkolomberg se naamlyn en sy skoolbynaam van Ton gebruik.

Op laerskool was Ton volgens sy maatjies te swaar en hy is Spekkie gedoop. Een van hulle het gedink dis onwaardig: noem hom liewers ’n Ton.

Hyself dink nie hy was oorgewig nie, want in sy o.13-jare was hy in die afloswenspan op die Oostelike Provinsiese junior kampioenskappe.

Woorde maak heel wat stukkend is

Geleenthede kom net een keer in 'n leeftyd. Dit was die woorde van Michael August, 'n gr. 9-leering aan die Hoërskool Kylemore buite Stellenbosch, toe hy gevra is om sy indrukke te gee oor die WOW-

skoolmediakursus wat as deel van die Woordfees aangebied is. Ongeveer 200 hoërskoolleeringe van skole in die Wes-Kaap het die kursus by Coetzenburg bygewoon. Daar is ge-

praat oor stories, skryfbeginsels, sosiale media, media-etiek, foto's, die maak van skoolkoerante en hoe om onderhoude te voer. Boonop was daar verskeie kanse om te oefen en saam te

leer en speel. Die hoogtepunt van die dag was toe leerlinge kans gehad het om self met 'n glanspersoonlikheid 'n onderhoud te voer. En nie sommer met enigiemand nie, maar met Dann-

Jacques (DJ) Mouton, bekend om sy rolle in *7de Laan* en die flieks *Noem my Skollie* en *Abraham*, wat uit 'n wêreld soos hulle s'n kom. Hiër is wat 'n paar leerlinge geskryf het:

Marius Barends, Charleston Hill Sekondêr
'n Plaaslike akteur, Dann-Jacques (DJ) Mouton, was Saterdag by die WOW-fees.
Ons ken hom as "Justin" in *7de Laan* en "Abraham" in *Noem my skollie*. Dit was briljant om hom te sien, in regtige en lewende lywe.
Een van die motiveer-aanhalinge wat hy vir ons as leerders gegee het, was "werk hard, stook punte vorentoe". En as jy klaar is met skool, maak jy met jou lewe wat jy wil. 'n Ander droom is dat hy graag eendag 'n pastoor word. Hy het ook genoem: Maak nie saak wat jou omstandighede is nie, bly gefokus en leer hard, en maak 'n sukses van jou lewe.

Amber Terblanche, Bernadino Heights Hoër
"As jy stukkend is wanneer jy by die huis kom in die aand, weet jy jy het hard gewerk."
Só sê Dann-Jacques (DJ) Mouton, wat die rol van Justin in *7de Laan* vertolk.
Hy is definitief 'n Kaapse persoon en hy is nie bang om dit te sê nie. Toe daar aan hom gevra word of hy trots is om 'n Afrikaanssprekende man te wees, was sy antwoord sommer dadelik ja. Hy is baie trots op sy taal en wil nie hê mense moet dit moet beperk nie. Ek het nooit besef watter goeie geaardheid hy het en hoe plat op die aarde hy is nie.
Die lewe is liefde, het hy gesê. Sonder liefde kan jy nie 'n gelukkige lewe leef nie.



Dann-Jacques Mouton saam met WOW-mediakursusdeelnemers. FOTO'S: NATALIE GABRIELS

DJ se Engels-onderwyser het hom destyds in sy matriekjaar geklap en vir hom gesê hy moet optree soos 'n gr. 12-leerder. En daardie klap, en ook sy omstandighede, het hom in die rigting van sy destinasie gelei.

Mushfeeqah Johnson, Modderdam Hoër
DJ praat openlik oor alles en verduidelik sy antwoorde met eerlikheid. Hy het probeer praat sodat ons hom meer verstaan. Hy het ons meer laat verstaan dat ons eers akademies versterk moet word voor ons kan wees wat ons wil wees.
Hy is 'n goeie voorbeeld van 'n klein vis wat 'n walvis geraak het in



'n klein see. Hy wys ons dit maak nie saak waar jy verdaan kom nie, jy kan iets word.
Marcellino Manchess, Saxonsea Sekondêr
Wie sou kon dink dat Dann-Jacques (DJ) Mouton in Eerste-rivier opgegroeï het. Wat ook indrukwekkend was, is dat baie

mense vergeet waarvandaan hulle kom, maar ek kan sien dat hy nie vir 'n oomblik vergeet het waarvan hy kom nie.
'n Mens moet altyd 'n rolmodel het en DJ se rolmodelle vir hom was Boeta Gamut en Boeta Joe van Joe Barber. Hy is ook nie skaam om te praat oor uit watter omstandighede hy gekom het nie.
Eltina September, Saxonsea Sekondêr
Die opwindendste oomblik ooit. Jy stap in 'n gebou met geen verwagting dat daar 'n wêreldbekende akteur daar in sal stap nie. Die oomblik wat ek hom gesien het, was dit vir my 'n asemrowende tydjie.

Hy is 'n ongelooflike persoon. Hy hou van grappe en daar is iets wat baie uitstaan van hom, dat hy nie skaam is waarvandaan hy kom nie (agtergrond) en hy is trots op sy moedertaal Afrikaans. Daar was iets wat my laat besef dat jy net jouself moet wees.
Hy sê dat wanneer jy jou drome wil bereik, moet jy eers jou skoolwerk klaarmaak en gaan studeer.

Brucene Jones, Saxonsea Sekondêr
DJ Mouton voltooi die sin "die lewe is" met "liefde". Hy is trots op sy moedertaal en is lief vir die feit dat hy van die Kaap af kom. Hy sê ook dat ons is wie ons is.
Woorde wat vir my gemotiveer het, is toe hy sê jy moet glo in jouself, jou punte eerste sit. Dat ons ons werk moet ernstig opneem en skool klaarmaak.
Hy sê dat as hy 'n ander beroep sou kies, sal hy 'n predikant wil wees. DJ sê ook dit is moeilik om in die akteursberoep te wees, want jy moet hardwerkend en "committed" wees.

Jazmine Goodman, Proteus Sekondêr
Wel, amper was hy 'n pastoor, amper was hy 'n skollie, amper het hy verkeerde keuses gemaak. Amper was hy 'n gemors, maar nee. Hy is hy, hy is Dann-Jacques "DJ". Hy is 'n inspireerder. Hy is 'n akteur. Hy is 'n Kaapse ou met 'n vaal hoedjie, rooi sokkies en sleng-taal. 'n Trotse ou van Elsie-rivier met sy gunstelingwoord, "service".



GISTER SE DRAADLOOS



VANDAG SE DRAADLOOS

Gesels met die kenners, en word WYS!

Ons bestuur WiFi-netwerke namens kliënte landwyd.

Verkoop data, maak wins en beperk onkoste en misbruik. Jou netwerk, jou handelsmerk, ons stelsels en kennis.

Restourante • Gastehuse
Studentebehuising • Woonstelle
Privaatwonings

www.wishnetworks.co.za
087 805 7480

Musiek

Italiaanse fluitspeler laat mens uitsien na solospel

USSO met Corvin Matei (dirigent) en Raffaele Trevisani (dwarsfluit). Klassieke musiek. Endlersaal. 3 Maart om 20:00.

Trevisani het 18:00 vanaand 'n uitvoering in die Fismersaal saam met die pianis Paola Girardi.

Die dwarsfluit het in die laat 19de en vroeë 20ste eeu as konsertinstrument 'n bietjie in die stof agtergebly. Solo-instrumente moes met die groot klank van orkeste uit die romantiek kompeteer, so moderner viole, tjello's en klaviere het die kalklig gesteel.

Dus is daar min konsertrepertorium uit dié periodes vir dwarsfluit en simfonieorkeste. Uitsonderings is daar wel, soos Carl Reinecke se fluitkonsert, die bekende Ibert-fluitkonsert en ook die Deen Carl Nielsen se komposisie.

Jean-Pierre Rampal se transkripsie van Aram Khachaturian se vioolkonsert het dus as gevolg van 'n tekort aan oorspronklike fluitmusiek deel van die fluitrepertorium geword.

Die Italiaanse fluitspeler Raffaele Trevisani, wat voorheen al in Suid-Afrika opgetree en meestersklasse aangebied het, het by die Woordfees dié stuk aangedurf saam met die US-simfonie-

orkeste, met Corvin Matei op die podium.

Tegnies is Trevisani uiters bekwaam, met 'n klank wat deur al die registers van die instrument klokhelder klink. Maar tog voel dit of enigiemand wat dié perd opsaal, met 'n agterstand begin. Die fluit moet deurgaans met fors speel om bo die orkeste gehoor te word as gevolg van die massiewe besetting, en die nuanses wat mens in die vioolweergawe bespeur, raak verlore. En hoewel Trevisani 'n wêreldklas-speler is wat die tegniese uitdagende passasies met gemak kon uitvoer, het die intensiteit waarmee hy moes speel om gehoor te word, die ervaring soms te dol en woes laat voel.

So sy toegif aan die einde, 'n solo-sarabande van J.S. Bach, stadig en intiem, laat 'n mens uitsien na sy solovertoning vandag in die Fismersaal waar dit net hy en klavier is.

Die US-orkeste het ná pouse Tsjajkowski se tweede simfonie aangepak. Die groep studente en ad hoc-lede het met entoesiasme gespeel en eindelijk 'n treffende uitvoering gegee. Soms het dit wel gevoel of hulle twee ratte het: vinnig en hard, en sag en stadig. Maar in die laaste beweging van die simfonie dien "vinnig en hard" tot almal, gehoor en musici, se voordeel.

– Naudé van der Merwe

'n Singende straatplakkaat



Gloria Bosman Saterdag op Sanlam se promosieverhoog op die sypaadjie in Ryneveldstraat by die Bloekomhoek. Dié "lewendige straatplakkaat" is 'n opskietverhoog wat op verskillende plekke op die feesterrein verskyn om die Sanlam Musiekfees te bemark. Ander kunstenaars wat op dié verhoog gaan spring, sluit in Loki Rothman, Hiram Koopman, Churchill Naude en Francois van Coke. FOTO: NATALIE GABRIELS



**Oude Libertas Amphitheatre
Stellenbosch**

Messiah: G.F. Händel

10 & 11 Maart 20:15



**Met Magdalene Minnaar (sopraan)
Minette Du Toit- Pearce (alt), Given Nkosi (tenoor)
Thato Bachona (bas), Zorada Temmingh (orrel)
Libertas koor (vergroot) o.l.v. Prof. Johan De Villiers
& saamgestelde orkeste o.l.v. Jürgen Schwietering**



Bespreek @ : 021 809 7473
h/v Adam Tas & Libertas St, Stellenbosch

Computicket: 0861 915 8000
www.oudelibertas.co.za

Klaviertrio wys met jeugwerke hul ervaring

Grobler & Martens Klaviertrio. Klassieke musiek. Fismersaal. 4 Maart om 18:00.

Konserte waarin musici só goed op mekaar ingestel is en as't ware mekaar se frases voltooi, is vir enige gehoor net 'n plesier om na te luister. As die program boonop so goed saamgestel is dat die musiek op sigself insiggewend is, is dit des te beter.

Die konsert het bestaan uit drie klaviertrio's van drie komponiste uit verskillende wêrelddele. Twee van die werke is ook jeugwerke van die komponiste en al drie werke is die komponiste se eerste poging tot 'n klaviertrio.

Pieter Grobler (klavier), Suzanne Martens (viool) en Peter Martens (tjello) het aan 'n vol Fismersaal 'n uitstekende konsert met besondere spel gebied.

Sjostakowsky se Klaviertrio no.1 in C mineur, op. 8 bestaan uit een lang beweging. Dit spreek van jeugdigheid, en soms is daar selfs 'n ligsinnigheid aan die musiek. Die komponis was 17 jaar oud toe hy dit geskryf het, maar dit skort beslis nie aan virtuositeit nie.

Debussy het sy enigste klaviertrio (in G majeur) geskryf

toe hy 18 jaar oud was. Wat vir my hier uitstaan, is die briljante scherzo, en hoewel hy so jonk was, is die musiek tog diepsinnig.

Schumann was ouer toe hy sy Klaviertrio no.1 in D mineur op. 63 aangepak het. Dit spreek van 'n volwassenheid en 'n mens kry 'n groot sin vir die Romantiese styl.

Wat myns insiens kamer-musiek laat slaag, is dat die individuele musici saam as 'n eenheid klink sonder dat hulle hul tipiese solistiese eienskappe verloor. En die drie musici in hierdie uitvoering slaag beslis daarin.

'n Mens kom hierdie eenheid agter wanneer temas herhaal en die een instrument by die ander oorneem met daardie tema.

Suzanne Martens het veral uitgestaan – seker ook omdat die viool telkens bo die klavier en tjello sweef – met die manier waarop sy vorm gee aan die note. Geen noot is ooit bloot geplaas nie; elke noot en frase beweeg en stu vorentoe.

Elk van die gekose werke het enduit geboei, en 'n mens was dikwels meegesleur deur die musici se sigbare belewenis daarvan. – Wayne Muller

Bombshelter Beast is die bóm

Bombshelter Beast. Sanlam Musiekfees. Bloekomhoek
3 Maart om 21:00, AmaZink
4 Maart om 20:30.

Wie en wat is Bombshelter Beast, vra 'n vriend my.

“Man,” sê ek. “Verbeel jou jy sit in New Orleans by 'n Afro Jazz Oktoberfest in 'n sirkustent saam met Balkaanse uitruilstudente. Dis hoe dit voel as jy na 'n konsert van Bombshelter Beast gaan.”

En los maar jou hoë polvyne by die huis. Of trek dit uit, want, Poppie, jy gaan dans. Jy gaan dans soos wat jy lanklaas gedans het.

Jy het nog nooit so iets beleef nie. Bombshelter Beast klink soos niemand anders nie, lyk soos niemand anders nie en entertain soos niemand anders nie.

Aanvanklik is mense se reaksie – wat de hel? En dan as hulle oor die skok van die grootte van die band, die grootte van die klank van die band en die andersgeit gekom het, dan is daar geen keer nie.

Ek moet sê, by die bekendstelling van die Woordfees-program was daar 'n paar mense wat getraumatiseer aan 'n rooiwyn-glas vasgeklou het. Die comfort



Dionne Song is een van vier sangers wat deel is van Bombshelter Beast. FOTO: LEANNE STANDER

van 'n Bokkie Sokkie-tune gaan jy nie hier kry nie. 'n Adele wens-jy-was-hier-en-ek-het-jou-nooit-af-gesê-nie-ballade sal jy nie oor hulle lippe hoor nie.

Dis net pure genot. Hierdie

groep musici wroeg nie. Dis 'n groot produksie, hulle sit 'n show op, hulle trakteer en hul musiek is wêrelds. Hulle terg, hulle is sexy, hulle is snaaks, hulle spot, hulle maak soms glad nie sin nie, hulle

rap, hulle brabbel, hulle babbel en klets.

Dis die produksie wat jy dié Woordfees moes sien. Hopelik kom hulle volgende jaar terug.
– Marchelle van Zyl

Die groep is bedonnerd

In die amper 20 jaar wat ek al lewendige musiek by feeste luister, het nog net twee groepe my die hele tyd met 'n glimlag gelaat: DNA Strings en Stok. En nie net 'n glimlag nie. Jy kan ook nie anders as om te stáán en luister nie. Nou kan ek nog 'n naam byvoeg: Bombshelter Beast.

Hoe beskryf 'n mens hulle? 'n Kakofonie van klank en kleur. 'n Mengelmoes van taal en musiek. 'n Wes Craven-flik wat in musiek omskep is. 'n Rondgaande sirkus met saksofone, tromme en sim-bale. 'n Visuele en klankskouspel. Kry jy die idee?

Die feesgids beskryf die klank as Afrobalkan. Daar is klanke van kwaito, maar wanneer jy jou oë toemaak, kan jy jou voorstel daar is 'n groep sigeuners wat hier nef-fens jou kamp opgeslaan het. Die lirieke is in verskeie tale. Waaroor sing hulle? Nie 'n flippen idee nie, maar dit maak glad nie saak nie. Wanneer die ritme in jou voete en hande kom sit, is dit nie belangrik nie, nê? – **Ilza Roggeband**

Kô, lat ons wée saam sing met 'n groot geskal

Kô, lat ons sing! Sanlam musiek. Stadsaal. Vandag om om 15:00.

Toe hierdie produksie verlede jaar op die Woordfees opgevoer is, was dit 'n hoogtepunt toe Adam Small self op die verhoog verskyn het om een van sy gedigte voor te lees.

Verlede jaar was dit 'n huldeblyk aan sy 80ste verjaardag wat voor die deur gelê het, en sy lewe en werk is vrolik met woorde en musiek gevier.

Die noodlot wou dit egter an-

ders hê, en Prof Small het nooit sy spesiale verjaardag beleef nie.

Hy is sowat drie maande ná *Kô, laat ons sing!* se speelvak oorlede.

'n Mens kan dit seker waag om te sê dat die aand verlede jaar vir hom 'n groot een was en dat hy baie gelukkig kon wees met wat die musiekregisseur, Adriaan Brand, saam met die samesteller, Juanita Swanepoel, op die verhoog met sy kalwers reggekry het.

Vir 'n kunstenaar kan daar egter geen groter eer wees as wan-

neer jou werk voortleef selfs ná jou dood nie, en indien Small tydens vanjaar se Woordfees in die gehoor kon sit, sou hy dalk selfs breër geglimlag het.

Die produksie word nou weer opgevoer en dit is nog steeds pure lekkerte.


Op die verhoog is dit Wessel Pretorius, June van Merch, Frazer Barry, Sandy Gertse, HemelBesem, Koos Kombuis, Zenobia Klopers, Die Solms Delta Musiekprojek, Delta 4, Soetstemme en Langbroeke wat saamspan in die

genotvolle uitvoer van bestaande toonsettings, nuwe verwerkings en voorlesings.

In 'n tyd wat die begrotings-riempies maar algaande dunner gesny word, is dit 'n groot genot om so 'n groot groep musikante en sangers saam te beleef.

Die blaasorkes gee 'n gevoel van Big Band-luukseheid en die sangers en akteurs sny kortpad na die essensie van Small se werk.

Dit alles met 'n energie wat nie anders kan as om jou saam te sleur nie. – **Anna-Retha Bouwer**



Small by die 2016-Woordfees. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

NETWERK24

Sake en Sauvignon
 met Theo Vorster

www.network24.com

Kom luister, dink en gesels saam oor beleggingsbesluite by ons Diskoers-gesprekrees.

📍 **Bloekomhoek** ⌚ **13h00 -14h00**

📅 **8 Maart 2017**

Finansiële onafhanklikheid – wanneer het ek genoeg?

📅 **9 Maart 2017**

Wanneer en hoeveel moet ek oorsee belê?

📅 **10 Maart 2017**

Hoe maak ek beleggingsbesluite in onseker tye?

R50 te koop by Computicket | R60 by die ingang. Kaartjies sluit 'n glas Sauvignon blanc in. GRATIS toegang vir Network24-intekenare, bespreek deur 'n epos te stuur aan sakegesprek@network24.com

Lees die jongste INK en al ons U.S. Woordfees inhoud daagliks op Network24.com

‘Classics’ kry vleuels op Coetzenburg

Die US Woordfees het Donderdag-aand op 'n hoë noot begin met die Tuiskoms Classics-konsert in die Coetzenburg-stadion. Corlea, Lindiwe Bunge, Jannie Moolman, Emo Adams en Joseph Clark het roerende, smeulende en kragtige vertolkings gelewer van treffers soos “You Raise Me Up”, “Waterloo”, “Mamma Mia”, “Hello” en “I Will Always Love You”. “Lord of the Dance” en “Carmina Burana” het ook 'n beurt gekry. “Barcelona” was 'n kragtoer wat die gehoor staande gehad het. Regs is Lizelle le Roux, Tuiskoms Classics se eerste violis. Adams (links onder) het met 'n sielvolle “Jantjie kom huis toe” hulde gebring aan Taliep Petersen, wat vanjaar al tien jaar nie meer met ons is nie. Regs onder begelei Juan (Floors) Oosthuizen vir Corlea. Van opera, puik vioolmusiek en rock & roll – ingekleur met aandklere en kandelare – dié konsert was 'n waardige en pragtige begin van die fees. FOTO'S: NARDUS ENGELBRECHT



ONTDEK 'n NUWE Wêreld

saam met die ATKV

BY VANJAAR SE US WOORDFEES!

ATKV BOEKE-OASE

Ons omvangryke boekwinkel is terug met 'n fees van boeke vir oud en jonk. Ontmoet jou gunstelingskrywers en kuier saam rondom boeke in die hartjie van die US Woordfees.

Vanjaar by die US Woordfees!
Die ATKV se suksesvolle digkuns-animasieprojek word voortgesit met die bekendstelling van Filmverse 2 - 'n visuele bloemlesing van 12 gedigte. Daaglik van 09:00 tot 17:00 in die US Museum-lesinglokaal. Gratis. DVD beskikbaar by die ATKV-Boeke-oase.

KOM PRAAT SAAM EN WORD WYS:
11 MAART om 10:30, BIBSAAL, Gratis!
Jongmense kom vertel die vorige geslag waar hulle Afrikaans oor 20 jaar graag sal wil sien. Met Albie Sachs en Saartjie Botha as gespreksleiers.

ATKV-BOEK TENT

MÔRE, 7 MAART SE PROGRAM IN DIE ATKV-BOEKTENT:

09:00	ANNELIE BOTES: LUGKASTEEL
12:00	ENA JANSEN: ONS JAPIE – DIE BOEREORLOGDAGBOEK VAN ANNA BARRY
14:00	JOHN MILES: OP 'N DAG 'N HOND
15:30	IVOR PRICE: IVOR
17:00	RYK HATTING: HUILBOEK

#ONTDEKAFRIKAANS

Kom maak 'n draai by ons stalletjie in Die Plataan by die ATKV-Boektent. Word 'n ATKV-lid en staan 'n kans om 'n luukse Slanghoek Villanaweekwegbreek van ATKV-Goudini Spa* of 'n geskenkpak te wen!
* Bepalings en voorwaardes geld.

@ATKVSA

ATKVSA

www.atkv.org.za

Wie, Wat, Waar?

ink

Redakteur
Jacolette Kloppers
(jacolettekloppers@gmail.com)

Uitgewer
Hannelie Cronjé

Uitleg en produksie
Johnn-Grant Munro

Teksredakteurs
Susan Booyens
Marchelle van Zyl

Fotograwe
Nardus Engelbrecht
Natalie Gabriels

Skrywers
Jo-Ann Floris
Marina Griebenow
Herman Lategan
Wayne Muller
Ilza Roggeband
Lynné Schoeman
Naudé van der Merwe

Produksie-assistent
Marietjie Booyens

Met dank aan **Jan Louw**
en Humarga vir tegniese
dienste en infrastruktuur.



Woordfees-kantoor
Adres: Erfurthuis,
Ryneveldstraat 37, Stellenbosch.
Navrae: Bel die feeskantoor
by 021 886 5036 of besoek
www.woordfees.co.za.
Besoek die Woordfees se
Facebook-blad by https://www.
facebook.com/woordfees/

Adverteer NOU in
ink
Bel 083 303 6117

'n Elektroniese weergawe
van Ink is ná 15:00 beskikbaar
op Netwerk24.



Elvis Blue ontbloot sy persoonlike lewe

Elvis Blue – Kaal. Sanlam Musiekfees. Spier Amfiteater. 3 Maart om 20:30

In sy eerste solovertoning by die Woordfees deel Elvis Blue sy hartstories met die gehoor.

“Dit is asof jy jouself kaal uittek.”
Hy maak sy wêreld oop aan ‘n volgepakte amfiteater met van sy gewildste treffers soos “Rede om te glo” wat hy vir sy twee dogtertjies geskryf het, asook die nostalgiese “Toe ons jonk was”.
Met verhale en liedjies oor sy eerste jeugliefde op Potchefstroom, sy pa, sy

ouers se egskeiding en die letsels wat dit gelaat het op ‘n jong ouderdom, ontbloot hy sy persoonlike lewe.
Johannes Kerkorrel se “Somer” het ook groot aanklank gevind. Die tromboon, saxofoon en trompet wat deel vorm van sy orkes sorg vir ‘n energieke en eiesoortige klank.
Wees op die uitkyk vir sy nuwe album *Die Brug* wat binne die volgende paar weke uitgereik word. ‘n Afrikaanse weergawe van die Nederlandse sanger Marco Borsato se liedjie “Mooi” sal beslis die hartsnare roer. – **Johan van Tiddens**



2017 se Ink-redaksie gisteroggend in die US Botaniese Tuin. Van links is Nardus Engelbrecht, Hannelie Cronjé, Natalie Gabriels, Ilza Roggeband, Jo-Ann Floris, Naudé van der Merwe, Marchelle van Zyl, Wayne Muller, Jacolette Kloppers (redakteur), Herman Lategan, Lynné Schoeman, Susan Booyens, Marietjie Booyens en Marina Griebenow. Inlas onder: Johnn-Grant Munro. Met hierdie redaksie het Ink verlede jaar ‘n silwer toekenning gewen in Basa se nasionale kunsjoernalistiek van die jaar-kompetisie.
FOTO: NARDUS ENGELBRECHT



Kortverhale is ‘n winskoop

Die tweede US Woordfees-kortverhaalbundel is nou by die ATKV-boekwinkel te koop. Met 24 kortverhale is dit ‘n winskoop teen slegs R200. Koop jy vanjaar se bundel saam met dié van verlede jaar, is dit teen die spesiale bedrag van R300.

MAAK SPIER JOU FAMILIEPLAAS



Bring jou hele familie saam na een van Stellenbosch se oudste wynplase. Ontspan in ons vierster hotel en kom proe van Suid-Afrika se mees bekroonde wyne. Eet vars groente uit die plaastuin by Eight Restaurant of geniet ‘n gourmet piekniek op ons historiese plaaswerf.

www.spier.co.za



NIE TE KOOP AAN PERSONE ONDER DIE OUDERDOM VAN 18 NIE.

Musiek



In die skadu van die fantastiese Stellenbosse berge – Coenie de Villiers, Brandon October, Die Heuwels Fantasties en pianis Charl du Plessis gisteraand op Coetzenburg tydens die buitelug-produksie “Heuwels, Manne & die Big Band”. Die Heuwels se nuwe liedjie “Bietjie hoop” kon vir die eerste keer daar gehoor word. Die konsert was ’n hutspot van klanke en die gehoor is geneem van “New York, New York” tot “Namakwaland”. Ander bekende kunstenaars wat opgetree het, sluit in Vicky Sampson, Loyiso Bala en Timothy Moloi met die grapjas Schalk Bezuidenhout as seremoniemeester. FOTO’S: NARDUS ENGELBRECHT



Capital Singers kort diversiteit

Capital Singers Musical Extravaganza. Musiek. Spier. 4 en 5 Maart om 20:30.

Koorsing is in sommige mense se bloed. Of jy nou op laerskool op die voorste bankie gestaan het en of jy nog steeds in die kerkkoor sing, koor is een van daardie dinge wat altyd deel van jou lewe sal bly.

Die idee agter die Capital Singers, wat in die noorde van

die land begin is, is om ywerige koorsangers bymekaar te kry, maar sangers wat nie noodwendig die tyd het om dae in en dae uit te oefen nie. Al die sangers kry die musiek wat gesing word per e-pos en daar word net een naweek ge oefen.

Die Kaap het ook nou sy eie Capital Singers en dit was hulle wat vir twee aande by die Woordfees konsert gehou het. Die koor en orkes, wat uit

professionele musikante bestaan het, was onder leiding van Christo Burger en Michael Barrett. Die sopraan Magdalene Minnaar was die solis. Die programgids het ’n koor van 400 belowe, maar daar was ongeveer 150 lede op die verhoog. Musiek uit rolprente en bekende musieklbyspele is onder meer gesing en sommige was meer geslaagd as ander. Wie gaan nou nie wil saam sing as musiek uit *The Sound of Music* gesing word nie?

Die koorlede was almal daar omdat hulle ingewillig het en na die webblad (www.capitalsingers.co.za) gegaan het en geregistreer het. Dit was egter opvallend dat die gehoor beslis nie uit Suid-Afrikaners van alle agtergronde en groepe bestaan het nie. Tog jammer, want daar is beslis verskeie gemeenskappe in die Kaap waar koorsang deel van hul DNS is.

Die amfiteater by Spier was

sowat ’n derde vol en dit is ook jammer dat daar nie kore genooi is om te kyk wat die Capital Singers probeer vermag nie. ’n Voorstel is ook dat die gehoor gevra word om saam te sing.

Capital Singers het beslis potensiaal en as die twee koorleiers dit regkry, sal hulle graag op ’n dag ’n koor van ’n duisend wil laat saam sing. Hopelik sal dié koor meer verteenwoordigend wees.

– Ilza Roggeband

Vriende klim op die Groove-trein



Mango Groove het Vrydagaand die gehoor op hul voete gehad met hul unieke ritme en verwerkings van ou gunsteling. Claire Johnston se vriende het hulle by haar aangesluit tot groot vermaak van die skare. Zolani Mahola (regs bo) en Vusi Mhlasela (links onder) was van die verrassings op die Groove-trein. FOTO'S: NATALIE GABRIELS





HARTKLOP

Oude Libertas
Woensdagaand
8 Maart 20:00.
Tessa Denton
en Marlo Minnaar
Regisseur: Christo Davids
Besprekings Computicket
Borg: Hiemstratrust

"Dit gryp aan die hart, wil 'n mens sê." - AJ Opperman (Beeld)

Toneel



Op die verhoog. Hilda Cronjé as Mona en Frank Opperman as die Kolonel in *Sing jy van bomme*. Gerrit Schoonhoven is die regisseur.

Fees vir die sinne – kyk, luister ewe hard

*Om teater te skep, behels veel meer as wat die gehoor op die verhoog sien.
Ink het agter die gordyne gaan kyk hoe die span gereed maak.*



Spieëltjie, spieëltjie
aan die wand...
Links: Kaz McFadden as
Daantjie, 'n korporaal in
die weermag. Regs: Zak
Hendrikz as Kruit Kruger,
'n bom-smous. FOTO'S:
NARDUS ENGELBRECHT



Gereed vir aksie? Zak Hendrikz as Kruit Kruger, Frank Opperman as die Kolonel en Stephanie Gericke as Baby in Sing jy van bomme. FOTO’S: NARDUS ENGELBRECHT



Links: Die spelers doen hul opwarmingsoefeninge voor die vertoning. Frank Opperman is in die voorgrond. Regs: Die kostuumontwerper, Suné Jansen.



Links: Frank Opperman (Kolonel) kry sy kapsel reg in die aantrekkamer. Regs: Zak Hendrikz as Kruit Kruger en Hilda Cronjé as Mona maak seker hulle is eksieperfsie.

Toneel

Sing jy van bomme. Toneel.
Hoërskool Stellenbosch.
Vandag om 20:30.

Dis 1988: twee jaar voor FW de Klerk vriend en vyand verras met 'n aankondiging in sy staatsrede dat Nelson Mandela vrygelaat en die ANC en ander politieke liggame ontperk word. Die townships brand en End Conscription Campaign se aandrang op die afskaffing van diensplig kry by die dag al hoe meer momentum, maar PW Botha en sy trawante bly balhorig.

By die Windybrow-teater in Johannesburg kom 'n groep Truk-akteurs byeen onder die spelleiding van Lucille Gillwald en begin slyp aan 'n produksie van 'n subversiewe debuutteks deur Ryk Hattingh, joernalis by onder meer *Vrye Weekblad* en later die eerste redakteur van *Loslyf*.

Natuurlik maak dit opslae, maar met spelers soos Annette Engelbrecht (Duif), Johan Malherbe (Kolonel), Anna-Mart van der Merwe (Mona), Gys de Villiers (Kruit Kruger), Tertius Meintjes (Ampie), Natania van Heerden (Baby), André Odendaal (Daantjie) en Siegfried Kitching (Andy) is dit nietemin 'n wegholsukses en palm verskeie Vita-toekennings in.

Die Stellenbosse Woordfees het nou, bykans 30 jaar later, dit goedgevind om met die ondersteuning van die Nasionale Afrikaanse Teaterinisiatief (Nati) dié ikoniese werk weer op die planke te bring. Hy het groot skoen om vol te staan, maar regisseur Gerrit Schoonhoven is nie iemand wat al ooit 'n uitdaging probeer ontwyk het nie. Hy pak sy taak aan deur vir homself 'n wenspan saam te stel, wat die rolverdeling sowel as die tegniese span betref.

Sing jy van bomme is 'n fees vir die sinne. Jy kyk en luister ewe hard. Die postapokaliptiese "Johannesburg van die nabye toekoms" waar die storie hom afspeel, lyk soos die hedendaagse Aleppo en het eweneens niks te bied aan die groepie desperate inwoners met wie die gehoor kennis maak nie.

Nadine Minnaar se stel is nommerpas en veelsydig genoeg om met geringe aanpassings en verskuiwings die ruimtes te word wat die teks vereis. Die laag herfsblare wat die struktuur op die verhoog omring, herinner nogal sterk aan die kamoefleermatte wat die weermag gebruik het om goedere of vloere te bedek. Voeg daarby 'n paar "bomme" wat ontplof en bloeddeurdrenkte kostuums en jy sit met 'n vloed van herinneringe aan omstandighede in die jare tagtig. Of selfs meer onlangs.

Ampie (Luan Jacobs) het twee jaar lank onder 'n verekombers geskuil en is gereed om uit sy kamer te kom, terwyl sy suster Duif (Liezl de Kock) haarself in tee en fliëks verloor terwyl sy wag op die Kolonel (Frank Opperman). Mona (Hilda Cronjé) is gefassineer deur Ampie, maar eintlik smag sy net na 'n kitaarspeler vir haar *band*. Intussen is daar Kruit Kruger (Zak Hendrikz) wat bomme maak en verkoop aan enigen wat dit kan



Stephanie Gericke
 as Baby in *Sing jy van bomme*. Die karakter vind uit sy is swanger.
 FOTO'S: NARDUS ENGELBRECHT

'Bomme' ontplof nog net so rof

bekostig, asook sy vriendin Baby (Stephanie Gericke), wat haar aptyt vir geweld verloor en op die ou einde self in 'n bomontploffing omkom. Daantjie (Kaz McFadden) en Andy (Marnitz van Deventer) is 'n korporaal en 'n troep op naweekpas, maar post-traumaties stressindroom en drank is nie goeie bedmaats nie.

Die teks van *Sing jy van bomme* het inderdaad die toets van die tyd deurstaan. Volgens Schoonhoven is slegs geringe aanpassings aan die teks aangebring en Hattingh het dit self gedoen. Die res is net so gebruik. Dit is verbasend hoe sterk en universeel die teks en die kwessies wat dit aanraak aanklank vind, al is dit drie dekades later en die politieke landskap is algeheel

anders as toe die stuk gebore is. Mense is selektief omtrent wat hulle onthou of wil onthou en die waarheid is so glibberig soos Kruit se sakevennote.

Die teks en aksie word deurgaans ondersteun deur 'n klankbaan wat as't ware daarvoor geskryf is. Daar is onder meer musiek van Koos, Marcel van Heerden, Neil Goedhals, Megan Kruskal, Gys de Villiers, Velile Nxazonke en Christo Boshoff. Carl Ahlström se gefluit, waaronder "O, Boereplaas" in een van die kroegtonele, is ook heeltemal in die kol.

Die mate waartoe elke akteur in hierdie stuk daarin slaag om sy of haar karakter binne die konteks van die ensemble te definieer, dra grootliks by tot die sukses van die

huidige produksie van *Sing jy van bomme*. Hoewel elke speler sonder uitsondering uitstekende spel lewer, moet 'n mens tog twee van die akteurs pertinent noem vir hul verbluffende bydraes.

De Kock is 'n bekende op die Kaapse verhoë, hoewel sy deesdae in die noorde werk en 'n mens haar gevolglik minder hier sien. Haar uitmuntende spel in produksies soos *Pictures of You*, *Womb Tide* en *Piet se optelgoed* is nog lank nie vergete nie. Haar vertolking van Duif is outentiek, keurig en juis, met bewonderenswaardige aandag aan detail. Haar vertelling van 'n *Rambo*-flik se storielyn het die hele gehoor aan't giggel gehad.

Opperman as die Kolonel is 'n openbaring. Dis aanvanklik moei-

lik om hom te eien, nie vanweë sy voorkoms nie, maar omdat hy sy karakter so algeheel bewoon. Dis Opperman soos ons hom nog nooit gesien het nie en 'n mens wonder waarom nie. Hy transformeer sienderoë van bombastiese burokraat na patetiese boemelaar en jy sit en wonder of jy hom moet haat of jammer kry. Mag daar meer soortgelyke rolle na sy kant toe kom.

Sing jy van bomme se protestboodskap het nog nie sy krag verloor nie en is steeds besonder relevant, des te meer vir diegene wat die jare tagtig beleef het en ná die stuk krampagtig die lyne deurtrek na die huidige. Dalk lê ons heil tog in tee en moewies.

– **Marina Griebenow**



Hilda Cronjé as Mona en Liezl de Kock as Duif. Mona soek naarsstiglik 'n kitaarspeler vir haar musikergroep, terwyl Duif graag vars potte tee maak en hou van movies kyk.

Om dramaties te skilder met klere

Benewens die spel en teks, is die mees indrukwekkende aspek omtrent *Sing jy van bomme* ongetwyfeld die kostuums. Suné Jansen se ontwerp het voor die aanvang van die fees al as aptytwekkers op Facebook gedien. Haar "steampunk"-uitrustings teen die agtergrond van Minnaar se monochrome stel laat Schoonhoven soos 'n skilder te werk gaan met die plasing van sy akteurs en die gehoor gaan dus ook huis toe met 'n duisend beelde in hul kop. Die sorgvuldigheid waarmee daar met die kostuums omgegaan is, spoel ook oor in die akteurs se treffende grimering.

DIE US WOORDFEEES IS KONTANTVRY MET STANDARD BANK!


Hoe werk die Standard Bank-FEESKAART?



1.

KRY JOU KAART

Koop jou kaart by enige Standard Bank-laaistasie teen **R10**



2.

LAAI JOU KAART

Laai jou kaart by een van die Standard Bank-laaistasies. Laaistasies aanvaar **kontant**, **debiet-** of **kredietkaarte**



3.

GEBRUIK JOU KAART

Gebruik jou kaart om **kaartjies** te koop vir vertonings by alle feesvenues. Koop lekker by die **ATKV-Boekwinkel**, **fees-stalletjies** en **fees-kroeë**. Kaarte kan slegs by die US Woordfees gebruik word.



4.

KONTANT- ONTTREKKINGS

SMS jou kaartnommer na **43553** en volg verdere stappe. Let ook daarop dat 'n 'OPVRA VAN **BALANS'-FOOI GEHEF WORD** gelykstaande aan **OTM-fooie**.



WEES DEEL VAN DIE GEHOOR, TYDENS DIE REGSTREEKSE UITSENDING VAN
kykNET VERSLAG IN GESPREK
VANAF DIE US WOORDFEES IN STELLENBOSCH.



WALDIMAR PELSNER

REDAKTEUR VAN RAPPORT EN AANBIEDER VAN DIE GEWILDE
POLITIEKE GESELSPROGRAM PRAAT MET VERSKEIE GASTE,
WOENSDAGAAND 8 MAART BY DIE LANSERAC-HOTEL.

ONDERWERPE SLUIT IN:

HET POLITIEKE SENTIMENT IN SA VERHARD?

WAT IS DIE TOEKOMS VAN AFRIKAANS AS ONDERRIGTAAL?

WIE GAAN DIE VOLGENDE LEIER VAN DIE ANC WEES?

STUUR 'N E-POS NA woordfees@knverslag.tv - EN WIKKEL,
WANT NET DIE EERSTE VAN 'N VASGESTELDE AANTAL E-POS-VERSOEKE
SAL TOEGANG TOT DIE GELEENTHEID KRY - **GRATIS!**

DSTV, KANAAL 144, 21:30

kykNET